

Vrydag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Job 36-37

Fokusgedeelte: Job 37:5

Wysheid lê in die besef van God se almag

Wat doen jy wanneer die storms van die lewe jou tref? Waar kry jy skuiling as die wind van seerkry waai? Waar bly jy droog wanneer die stortreën van beproewing val? Die storms gaan kom. Niemand spring dit vry nie.

Die Here leer ons dat wanneer die storms kom, ons gereed moet wees. Dat ons op die regte dinge moet fokus, anders gaan ons heen en weer geslinger word, anders gaan ons nie troos en hoop hê nie.

As mense kyk ons dikwels in die storms vas. Ons dink ons gaan getroos word as ons presies weet hoe die storm in ons lewens werk en waarom dit in ons lewens is. Nou herinner die Here ons dat ons nie só op die storm gefokus moet wees dat ons nie na Hom kyk nie. As ons wil sin maak van ons lewens – van die voorspoed en die teenspoed - moet ons onself gedurig herinner dat God almagtig is en dat Hy in beheer is. Dat Hy presies weet wat Hy doen. Dat Hy ook in beheer van die storms in ons lewens is. Hy laat dit in ons lewens toe om ons heilig te maak. Hy laat dit in ons lewens toe om ons los te maak van al ons aardse reddingsbootjies. Hy laat dit in ons lewens toe om ons te lei om ons te verwonder oor sy almag.

Die storms van die lewe is nie God se straf oor jou sonde nie. Jesus Christus het reeds die straf ten volle in jou plek gedra. Jy is veilig in die storms omdat God in sy almag ook oor die storms heers. God stuur die storms tot jou beswil. God se almag maak dat ons Hom ook in die storms kan prys. Ware wysheid is om te weet dat God almagtig is en om Hom te vertrou.

Sing: Psalm 33-1:2, 4

Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)